

# Uitsprake

Graag wil die mens, die een die ander, leer, maar wanneer leer die leerling? Baie dink dit is wanneer die leerling jou opdragte en redes ontvang, maar min wetend luister 'n leerling net wanneer die leerling se eie wil dit toelaat. Dus om 'n mens te wil leer moet jy eers hom 'n rede gee waarom die lering en hom dan vra 'wil jy' die lering ontvang. Sommige leerlinge kom spontaan in om te leer en ander weer deur beïnvloeding.

.....

As jy voel dat daar vyandskap teen jou as 'n indiwidu is moet jy jouself eers blootstel. Vyandskap kan slegs gedefinieer word in teenwoordigheid. Dus begin eerstens soek na die vyand binne in. As die keuse wat jy gemaak het jou laat voel asof jy die vyand is maak dan seker van daardie keuse wat jy gemaak het. Waarom wag, maak reg sodat die woeker wat binne in jou woed jou nie aankla nie. As jy tevrede is met die gevoel van die keuse op hand kan geen vyand jou van buite skade aan jou doen nie.

.....

Voeg jy waarde aan aards skatte? Tog weet jy dat alles net tydelik is. Vandag is dit joune, maar môre behoort dit aan 'n ander. Enige skat op aarde wek gierigheid waarvan dit by jou begin. Hoe meer waarde jy aan daardie skat voeg hoe minder kontrole het jy daarvoor. Dit bly in jou maal om dit op te pas. Baie planne maak jy om dit te bewaak, maar tog wetend, dit is tydelik. Dalk is jou skat vir ander om jou, van geen waarde, maar vir jou onverklaarbaar groot. Mag jou skat manifesteer in jou vir die ewige.

.....

'n Gesonde of ongesonde verstand is in die algemeen genoep om 'n keuse te maak. Die een is vir die tydelike en die ander vir die ewige. Dus wanneer jy 'n keuse moet maak, ondersoek eers daardie keuse. Besin en deel dit met drie ouere persone, sodat die besluit makliker uit jou kan kom. Indien jy twyfel, weet dat jy eers moet terugstaan, sodat die besluit spontaan na vore kan kom. Weet ook dat jy die een is wat die besluit moet maak en dat jy die voorreg het om dit wel te kan ignoreer. Lê dit voor VADER, HY sal beslis.

.....

Terwyl jy leef hier op aarde, waarna streef jy? Is dit na geld waaruit gemak en heerskappy uitspruit? Of is dit waar tyd en spatie gegenereer moet word vir rus en vrede? Jy kry die wat stagneer weens pyn en leiding in hul lewe? Daar kom 'n tyd dat stagnering onvermydelik kan wees "om te leef". Party stry daarteen en ander weer nie. Party gaan in berusting en aanvaar dat die lewenspad wel 'n end het op aarde. As jy wel gevind het sal vrede en rus sy plek inneem. Aanvaar, ervaar en láát vaar, want VADER sal besin.

.....

Hoe gaan dit? Gaan dit goed? Is jy voorspoedig? Weet dat wanneer goedheid en voorspoed ervaar word, lê daar teenspoed altyd op die loer. Onvermydelik sal teenkanting altyd wil intree. Ondersoek die teenkanting in jou lewe, en as daar waarheid insteek maak dit reg. Laat jou doel nie streef na voorspoed, goedheid en guns nie, maar na 'versekerdheid'. Laat geloof met jou wandel dat jou doelstelling kan manifesteer. Koppel jou nooit aan welvarendheid nie, want die tydelike is van korte duur.

.....  
 Het jy toekoms planne? Het jy al daaraan begin werk? Wanneer dink jy sal dit in werking tree? Kan die plan nou-al manifesteer? Indien wel waarom dan uitstel? As die plan van die "toekoms" nou in duie stort, begin weer werk daaraan, want deur 'n flop of twee kom lering. Laat nooit toe dat gemak en plesier intree terwyl jy aan jou toekoms planne werk nie. Wees altyd op die uitkyk vir die wat jou planne in die wiele wil ry. Veg vir die "nou" in jou lewe, want later kan in spyt oorgaan. 'n Vegter is om uit en aan te hou, HalleluYAH

.....  
 Daar is altyd iets of iemand op jou daaglikse pad wat jou omkrap of teleurstel. Ja die wat oneerlik is, poog om jou binneste aan te raak en seer te maak. Moet jy optree of moet jy terugstaan? Is dit vermybaar? Is jy besig om getoets te word? Is jou daaglikse pad 'n leerskool? Moet jy jouself daaglik aanmoedig deur temptasies? Ja jy moet leer deur al die negatiewe om jou sterk te laat staan en sodoende ander aan te moedig om sulkes te vermy. Soms moet jy stil bly en soms moet jy teregwys; Lê jou oordeel voor VADER

.....  
 Geliefdes aan die anderkant. Wat maak hulle daar? Watter werke doen hulle daar? Wat en waaraan dink hulle? Het hulle steeds 'n vrye wil? Waarheen kom en gaan hulle wyl hulle wagtend is? Watse soort dagtake lê vir hulle daaglik voor? Waarmee hou hulle hulself me besig? Waarmee is hulle tans me doenig? Waaroor gesels hulle? Is ons hier op aarde in hulle geselskap? Weet hulle waar hulle hul tans bevind en van waar hulle kom? Wat eet en drink hulle daar? Vind hulle dit lekker en genoegsaam daar? Hoe rus en slaap hulle? Is daar kamers waarin hulle kan rus? Is hulle altyd tussen die res of het hulle alleentyd ook? Kan hulle VADER aanskou of SY stem hoor? Maak YAHUSHA gereeld by hulle 'n draai? Wie is almal daar? Is Abraham, Isak en Jakob daar? Is ons familie en vriende daar? Is hulle erkenbaar of het hulle 'n ander gelaat? Watse klere dra hulle? Hoe werk die huishoudelike goed soos klere was, skoonmaak, ens.? Is almal vriendelik daar? Is daar heersers oor hulle aangestel? Kan hulle hoor as daar boodskappe kom van ons hier op aarde? Is dit permanent daglik daar? Dit wat hulle geleer het op aarde is dit nog in hulle? Leer hulle mekaar of is daar heersers oor hulle wat hulle leer? Dit wat hulle wel geleer het op aarde was dit die regte en ware? Kan hulle na ons verlang soos ons na hulle? Bedink dit